



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

Afrikaans Huistaal graad 5 November 2026

Hardoplees

Biografie: *Alles kom teen 'n prys* /15

Luister en praat

Drama en dialoog: *Omgee maak voëlvry* /15

Bespreking: *'n storieboek / 'n drama / 'n riller / 'n novelle* /15

Totaal: $30 \div 2 = 15$ /15

Begriplees

Storie: *Sprinkelende geaardheid word gepootjie* /5

Legende: *Die koningin se verdiende loon* /5

Onderhoud: *Onderhoud met die rugbylegende* /5

Toespraak: *'n Taal vol lewe* /5

Gedigte: *Rondloper*
Voël
Die motorbegraafplaas
Ou Oom
Herfs /5

Totaal: 25 /25

Taal

Advertensie: *Kusweg-Familiehuis* /15

Skryf

verhalende opstel
beskrywende opstel /20

verslag
vriendskaplike brief /10

Totaal: 30 /30

Biografie: Alles kom teen 'n prys

- 1 Johan Nortjé is in 1985 in Bloemfontein gebore. Na skool moes hy die volwasse lewe dadelik betree. Hy kon die sorgelose studentelewe nie geniet nie, aangesien sy ouers dit nie breed gehad het nie.
- 2 Reeds op skool het die musikonderwyseres sy talent raakgesien. Hy het 'n suiwer stem gehad. Hy het in elke skoolkonsert, met 'n mikrofoon in die hand, die gehoor aan sy voete gehad. Hulle het behoorlik aan sy lippe gehang. Hy het ook oor die gawe beskik om sy eie liedjies te skryf.
- 3 Nadat hy in 2003 gematrikuleer het, het hy bedags as kelner by 'n restaurant gewerk en saans in kuierplekke opgetree. Aangesien die geld wat hy verdien het nêr genoeg was om 'n klein kamertjie te kon bekostig en kos op die tafel te sit, het hy liedjies op aanvraag begin skryf. Dis juis tydens een van sy optredes by 'n spesifieke kuierplek dat die leier van 'n bekende musikgeselskap hom genader het om vir hulle liedjies te skryf en ook by hulle musikgroep aan te sluit. Daardie aand het sy lewe heeltemal verander! Die een treffer na die ander het uit sy pen gevloei. Die optredes by kuierplekke het plek gemaak vir toere wat hy saam met die musikgeselskap meegemaak het. In 2005 het hy weggebreek van hierdie musikgroep en het op sy eie begin sing. Hy het die land deurkruis en sy suiwer stem met sy oorspronklike liedjies het die gehore dwarsoor die land bekoor. Hy het sy treffers met stampvol konsertsale gedeel. Gastehuse en hotelkamers was voortaan die enigste huis wat hy geken het. Vir 'n vrou en kinders was daar nie plek of tyd nie. Iets wat hy tot vandag nog berou!
- 4 Op ouderdom 50 het hy vir hom 'n plaas gekoop. Aanvanklik het 'n voorman die boerdery vir hom waargeneem, maar op ouderdom 60 het hy besluit om die gejaagde lewe te verruil vir die rustige plaaslewe. Menige aande het hy oor die vertes getuur en daarna gesmag om die rustige plaaslewe met 'n vrou en kinders te kon deel. Hy besef maar al te goed dat sy stem wat aan hom soveel roem besorg het, hom van 'n vrou en gesin ontnem het. Hoewel hy as suksesvolle sanger omring was met mense, is hy op ouderdom 60 eensaam.

Hardoplees: Alles kom teen 'n prys**Rubriek**

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Drama en dialoog: Omgee maak voëlvry

Die son steek sy kop uit en die eerste sonstrale begroet die aarde. Met goiingsak in die een hand en 'n lapbeursie in die ander, stap Oom Jan al langs die grondpad dorp toe. Soos al die ander dae. Met 'n vuil pet op die kop en verbleikte klere aan, nader hy die dorp. Hy verkoop altyd die hout wat hy die vorige dag gekap het, aan die winkeleienaar, Theuns de Waal. Die geld vir die hout is altyd nét genoeg vir 'n halwe brood, 'n liter melk en 'n bietjie maalvleis.

Theuns: Môre, Oom Jan. Die geluk is vandag aan Oom se kant. Hier het nuwe intrekkers by die dorp ingetrek. Hulle wil elke dag twee sakke hout hê. Die man glo blykbaar daaraan om elke aand sy tjoppie op die kole te gooi. Braaivleis is elke aand op hul spyskaart.

Theuns de Waal sien hoe Oom Jan se oë verhelder.

Oom Jan: (opgewonde) Theuns, jy weet nie hoeveel dit vir my en my vrou beteken nie. Voortaan kan ons 'n hele brood koop. Ons sal nou ook een keer per maand 'n tjoppie op die kole kan gooi. Om te dink ons kan ook nou braaivleis eet.

Oom Jan se woorde laat Theuns skuldig voel. Om te dink hulle kan gereeld duur vleis bekostig, terwyl Oom Jan en sy vrou net genoeg het om te oorleef. Iets wat nog nooit by hom opgekom het nie. Hy besef dat hy in die posisie is om vir Oom Jan-hulle te help om 'n beter lewe te lei. En hy gaan ook!

Theuns: (kyk Oom Jan stip in die oë) Oom sal my die gelukkigste man ter wêreld maak as Oom my sou toelaat om Oom te help. Ek wil hê dat Oom my in die winkel moet kom help. Nie slegs sal ek 'n salaris vir Oom betaal nie, maar ek sal ook maandeliks 'n skaap vir Oom koop. Oom hoef ook net in die oggend te kom werk. Dus, Oom sal nog genoeg tyd op hande hê om twee sakke hout in die middag vir die nuwe intrekkers te gaan kap. Nou kan julle ook vir julle nuwe klere koop. Al die geld hoef nie meer net vir oorlewing aangewend te word nie.

Oom Jan: (dankbaar) Theuns, ek waardeer jou aanbod baie. Ek gee jou die versekering dat ek jou nie sal teleurstel nie.

Oom Jan kan nie vinnig genoeg by die huis kom om hierdie goeie nuus met sy vrou te deel nie. Sy beker van geluk en dankbaarheid loop behoorlik oor.

Tannie Lien: *(met oë vol trane van blydschap en dankbaarheid)* My man, om te dink die einde van 'n hoofstuk is in sig.

Drama en dialoog: Omgee maak voëlvry

- | | | |
|-------------------|--|------------|
| 1 | Waarom sou jy sê dat Oom Jan reeds vroeg in die oggend dorp toe geloop het om hout te verkoop? | /1 |
| 2 | Gee 'n <u>beskrywing</u> van Oom Jan se kleredrag soos hy in die inleiding aan ons bekend gestel word. | /1 |
| 3 | Waarom sou jy sê dat Oom Jan die geld wat hy daaglik uit die verkoop van hout gemaak het, vir <u>oorlewing</u> gebruik het? | /1 |
| 4 | Luister na die <u>inleiding</u> . Waarom sou jy sê dat Oom Jan en sy vrou nie skaap- en beesvleis kon koop nie, maar slegs maaltvleis? | /1 |
| 5 | Waarom sou jy sê dat die <u>chronologie van die verhaal</u> in die inleiding verbreek word? | /1 |
| 6 | Luister na die inleiding. Bespreek die <u>ruimte</u> . | /1 |
| 7 | Verskaf die <u>rede</u> waarom die nuwe intrekkeers elke dag twee sakke hout sou koop. | /1 |
| 8 | Waarom sou jy sê dat Oom Jan, tydens sy eerste <u>spreekbeurt</u> , rede gehad het om <u>opgewonde</u> te wees? | /1 |
| 9 | Waarom sou jy sê dat daar <u>karakterontwikkeling</u> by Theuns plaasgevind het? | /1 |
| 10 | Watter <u>emosie</u> ervaar Theuns tydens sy laaste spreekbeurt? Motiveer jou antwoord. | /1 |
| 11 | Hoe sluit die <u>emosie</u> wat Oom Jan tydens sy laaste <u>spreekbeurt</u> ervaar het, aan by die laaste <u>tussensetsel</u> ? Motiveer jou antwoord. | /1 |
| 12 | Hoe sluit die <u>inhoud</u> by die <u>titel</u> van hierdie drama aan? | /1 |
| 13 | Wat verstaan jy onder die woorde van Tannie Lien? | /1 |
| 14 | Watter <u>morele les</u> kan ons uit bostaande drama leer? | /1 |
| 15 | Verskaf slegs EEN <u>rede</u> waarom jy sou sê dat bostaande luisterteks 'n voorbeeld van 'n <u>drama</u> is. | /1 |
| Totaal: 15 | | /15 |

Bespreking: Bespreek 'n storieboek / 'n drama / 'n riller / 'n novelle

Rubriek

Vloeiend praat, pousering en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Karakters, emosies, optredes en gevolge:	1	2	3	4	5
Tema, intrige en gesigsuitdrukkinge:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 **/15**

GROOT TOTAAL: 30÷2=15 **/15**

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

1 Storie: Verlange, hartseer en bekommernis pootjie sprankelende geaardheid

1 Paul sal daardie eerste dag in sy nuwe skool nooit vergeet nie. Hy onthou nog hoe onseker hy was toe hy by die skoolhek ingestap het. Hy was bang die ander kinders sou nie van hom hou en met hom maats wou maak nie. Al wat hy voor hom gesien het, was vreemde gesigte. Meteens het hy 'n vriendelike stem agter hom gehoor. "Ek is Lodewyk, maar almal noem my sommer Lotie. Natuurlik te lui om my naam voluit te sê." Reeds van die eerste oomblik het Lodewyk, met sy sprankelende geaardheid, Paul onder sy vlerke geneem. Hy het vir Paul gewys waar hulle aantree as die klok sou lui. Daarna het hy hom aan 'n paar van sy vriende bekend gestel.

2 Reeds die eerste dag het Lodewyk vir juffrou Swanepoel, die geliefde onderwyseres van die skool, gevra of Paul langs hom in die klas kon sit. "Natuurlik. Ek is bly jy ontferm jou oor die nuwe seun in ons klas. Paul, verjaarsdae word met koek in my klas gevier. Dan eet ons skelm in die klas. Onthou net, die skoolhoof hoef nie hiervan te weet nie."

3 Dit is Woensdag. Paul kan sien dat iets vir Lodewyk pla. Hy was nie so sprankelend soos altyd nie. Waar hy gewoonlik die eerste een is wat sy hand opsteek as juffrou Swanepoel 'n vraag vra, sit hy vandag net kop onderstebo en staar na sy bank. Nadat juffrou Swanepoel wou weet of hy dalk sleg voel, het hy net sy kop geskud. Nie 'n woord nie. Inteendeel, daar het nog nie een woord uit daardie babbelende mond van hom gekom nie. Waar hy gewoonlik gedurende pouses die bal geskop het of grappies vertel het, het hy vandag net onder die boom gesit. Hy het ook nie soos ander dae vir my vertel hoe hy en sy hondjie die vorige dag 'n ver ent gaan stap het en hoe hy elke hoekie verken het nie. Daardie middag, op pad huis toe, het Paul hom gevra of iets hom pla. Dis toe dat Lodewyk vir Paul van sy hondjie vertel. Hulle kry hom nêrens nie. Hy is sedert gisteraand net skoonveld. Om te dink hy sal nooit weer met sy hondjie kan gaan stap nie!

1.1 **Waarom sou jy sê was Paul onseker toe hy die eerste keer by die skoolhek instap?** (1)

1.2 **Noem slegs EEN goeie karaktereienskap in paragraaf 1 waaroor Lodewyk beskik het. Motiveer jou antwoord.** (1)

1.3 **Noem slegs EEN manier hoe Lodewyk se optrede hierdie spesifieke Woensdag verskil het met dié van ander dae.** (1)

1.4 **Watter emosies het Lodewyk hierdie spesifieke Woensdag ervaar? Motiveer jou antwoord.** (1)

1.5 **Waarom sou jy sê dat die chronologie van die verhaal in paragraaf 3 verbreek word?** (1)

Totaal: 5 /5

2 **Legende: Die koningin se verdiende loon**

- 1 Die koning en koningin van Persië was geliefd onder almal. Die koning het sy onderdane regverdig behandel en die koningin het gereeld funksies gehou om geld vir die armes in te samel. Sy het ook die siek mense gereeld besoek. Dis juis tydens die besoek aan 'n siek persoon dat die koningin op slag dood is in 'n motorongeluk. Hulle het 'n seun en 'n dogter gehad. Die seun sou die troonopvolger wees. Hulle het hul ma en haar omgee en liefde baie gemis.
- 2 Drie jaar na die dood van die koningin, het die koning weer getrou. Sy nuwe vrou het 'n seun uit haar vorige huwelik gehad. Sy wou hê dat hár seun en nie die prins nie, die troonopvolger moes wees. Gevolglik het sy die waterslang by die watergat besoek. Sy het hom beveel om die prins te vang as hy weer kom swem. Wat sy nie geweet het nie, is dat die houtkapper haar gesprek met die waterslang gehoor het.
- 3 'n Week later het die prins gaan swem. Skielik het die waterslang verskyn en hom na onder getrek. Die houtkapper het alles gesien en paleis toe gehaas en die koning alles vertel. Hy het hom ook vertel dat die waterslang die prins na onder getrek het op bevel van die nuwe koningin. Die koning was woedend en het sy twee lyfwagte aangesê om die koningin en haar seun na die watergat te neem. Toe hulle by die watergat aankom, het die waterslang weer sy verskyning gemaak. Toe hy die koning sien, het hy bang geword. Net toe hy weer in die water wou verdwyn, het die koning hom gerus gestel.
- 4 “Moenie bang wees nie. Bring net my seun na bo en gee hom vir my terug. Neem dan hierdie wrede vrou en haar seun na die dieptes van die water.”
- 5 Nadat die waterslang die prins na bo gebring het, het hy die wrede koningin en haar seun na sy huis diep onder in die water geneem. Almal het van haar slinkse plan te hore gekom. Niemand het 'n traan oor haar gestort nie.
- 6 Die prins het tien jaar later by sy pa oorgeneem. Die prinses was, net soos haar ma, geliefd onder al die mense. Sy het ook vir die armes gesorg en die siekes besoek. Nêr soos sy pa, was die prins 'n regverdige koning.

2.1 **Watter morele les leer ons uit paragraaf 2?** (1)

2.2 **Watter ooreenkomste is daar tussen die prinses en haar oorlede skoonma?** (1)

2.3 **Watter gevolge het die wrede koningin se slinkse plan vir haar en haar seun ingehou?** (1)

2.4 Wie kan as die held in hierdie legende beskou word? Motiveer. (1)

2.5 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n legende is. (1)

Totaal: /5

3 **Onderhoud:** Onderhoud met Francois du Toit Roux, die rugbylegende

Francois du Toit Roux, beter bekend as Mannetjies Roux, sit heel ontspanne op die bank in sy woonvertrek, terwyl Hendrik Nel van die Huisgenoot 'n onderhoud met hom voer.

Hendrik: Het Oom reeds van vroeg af 'n liefde vir rugby gehad?

Francois: Die rugbygogga het my reeds as kind gebyt. Ek het al reeds van graad 1 af rugby gespeel.

Hendrik: En toe breek die groot oomblik aan. Oom word as Springbok gekies. Dit is seker 'n gevoel wat jy vir niemand kan beskryf nie?

Francois: Daardie dag toe ek die eerste keer die groen en goud oor my kop getrek het, het ek besef watter groot eer dit is om jou land te kan verteenwoordig.

Hendrik: Wat sal Oom altyd van daardie tye onthou?

Francois: Dat ons as 'n span saamgespeel het. Ek sal ook nooit die spanpraatjies voor die wedstryde en die ondersteuning van die Suid-Afrikaners vergeet nie. Jy speel tog ook vir hulle.

Hendrik: Waarom het Oom daarvan gehou om as senter uit te draf?

Francois: Die senterposisie gee jou die geleentheid om beide aan te val en te verdedig.

Hendrik: Wat sou Oom vir die jong rugbyspelers van vandag sê?

Francois: Geniet net die spel, speel saam as 'n span en lê sportmangees aan die dag. Om te wen of om hoogtes te bereik, is net 'n bonus.

Nie slegs sal hy as rugbyspeler onthou word nie, maar na die liedjie "Mannetjies Roux" die lig gesien het, het hy ook volksbesit geword. Almal wat 'n liefde vir musiek het, waardeur hierdie liedjie.

3.1 Dui die ruimte aan waar hierdie onderhoud gevoer is. (1)

3.2 Wanneer het hy die eerste keer besef dat dit 'n eer is om jou land te kan verteenwoordig? (1)

3.3 Noem slegs EEN herinnering wat Francois van sy rugbydae het. (1)

- 3.4 **Waarom sou jy sê dat Mannetjies Roux nie slegs by rugbyspelers en in rugbykringe bekend is nie?** (1)
- 3.5 **Waarom sou jy sê dat bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n onderhoud is?** (1)

Totaal: 5 /5

4 Toespraak: 'n Taal vol lewe

Goeie dag, almal hier teenwoordig

- 1 Vandag wil ek praat oor 'n taal wat baie meer is as net woorde. Die taal wat mense saambind en waarop elke Afrikaanssprekende trots kan wees. Afrikaans, die taal van harte!
 - 2 Het julle al ooit gewonder hoe dit sou wees as jy nie jou stories, gevoelens en drome met ander in jou eie taal kan deel nie? Ons leer meer van mekaar en kom nader aan mekaar. Wel, myne deel ek in Afrikaans. Afrikaans is die taal wat ek praat, waarin ek dink, waarin ek droom en waarin ek bid. Dis die taal waarin ek myself kan wees.
 - 3 Afrikaans word elke dag gehoor, gepraat en geskryf – by die huis, by die skool, op die skoolgrond, by sportoefeninge, by sportbyeenkomste, oor die televisie en op sosiale media. Ons kuier saam met ons familie en vriende in Afrikaans, lees Afrikaanse boeke, luister na Afrikaanse programme, dink in Afrikaans, bid in Afrikaans en redeneer in Afrikaans.
 - 4 Die Afrikaanse taal kan 'n brug wees wat mense nader aan mekaar bring. Dis juis tydens Afrikaanse feeste waar mense met verskillende agtergronde en van verskillende kulture met mekaar in aanraking kom. Dis hier waar nuwe vriendskappe oor die grense van onderskeie kulture gemaak word. Sodoende leer ons om mekaar beter te verstaan en te respekteer. Ons leer dat ons verskille ons nie van mekaar hoeft weg te hou nie. Hier kuier ons ook in Afrikaans. Sodoende word die Afrikaanse taal bewaar en aan toekomstige geslagte oorgedra. Ons taal is 'n belangrike deel van ons kultuur en identiteit en moet daarom gekoester word.
 - 5 Afrikaans het 'n ryk woordeskat, aangesien woorde van verskillende tale hier aangetref word. Juis dít maak Afrikaans 'n unieke taal. Afrikaans is meer as net woorde – dit is 'n taal wat mense met hul stories verbind. Om die taal te praat, te waardeer en te bewaar is die regte ding om te doen! Dis die behoud van enige taal.
- 4.1 **Hoe bring 'n taal volgens paragraaf 2 mense nader aan mekaar?** (1)
- 4.2 **Hoe sluit paragraaf 3 aan by die opskrif?** (1)
- 4.3 **Wat is die les wat ons uit paragraaf 4 kan leer?** (1)

- 4.4 Watter boodskap wil die spreker in paragraaf 5 aan ons oordra? (1)
- 4.5 Waarom sou jy sê dat hierdie toespraak op feite gebaseer is en daarom geloofwaardig is? (1)
- Totaal: 5 /5

5 Gedigte

- 5.1 Identifiseer die klanknabootsende woord in die onderstaande strofe uit “Rondloper” en *motiveer* waarom dit as klanknabootsing beskou kan word.

“Nou stap hy na die waterput
 waar donkies en die kalwers drink
 en in die modderwatertjies
 die eende kwekker en rinkink;”

N.P. van Wyk Louw

- 5.2 Watter *effek* word deur die allitererende woorde in versreël 1 van die onderstaande strofe uit “Voël” bewerkstellig?

“’n Voël vlieg voor my venster verby,	1	
’n naalddun lyn wat daaroor gly	2	
en die glas in twee vlakke sny;”	3	<i>W.E.G. Louw</i>

- 5.3 Waarna verwys die beeldspraak wat ons in versreël 2 van die onderstaande strofe uit “Die motorbegraafplaas” aantref?

“Kyk na dié tjor met sy neus ingedui	1	
en oë wat skeel na mekaar toe kyk:	2	
mens kan die ongeluk nog aan hom ruik,	3	
lelik, mishandel – ’n Volkswagenlyk.”	4	<i>Hester Heese</i>

- 5.4 Watter stemming word verkry deur die onderstaande versreëls van ’n strofe uit “Ou Oom” teen ’n *stadige tempo* te lees?

“Ou Oom sit in die skadu van
 die rooi selonsroosboom,
 met sy hande slap op sy knieë
 die more en verdroom,”

W.E.G. Louw

- 5.5 Waarom sou jy sê dat ons ’n vergelyking in die onderstaande strofe uit “Herfs” aantref?

“Pouses sit die kinders op die stoepe
 rustig gekoester in die son –
 loom soos akkedisse.

Die winter kom.”

Suzette Kotze

Totaal: 5

/5

GROOT TOTAAL: 25

/25

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Advertensie: KUSWEG-FAMILIEHUIS

- | | | |
|---|---|--|
| 1 | Droom jy van 'n volmaakte vakansie waar die see, strand en branders reg voor jou deur is? <u>Wel, dan het jy by die regte plek aangeklop!</u> Bring jou familie na die Kusweg-Familiehuis en geniet die vakansie wat jy nie sommer sal vergeet nie. <u>Stel</u> jou voor jy maak jou kamerdeur oop met die brekende branders en 'n <u>vars</u> seebriesie wat jou vriendelik groet. Voor jou lê die uitgestreke <u>strand</u> wat met die brekende branders kennis maak. <u>Jy kan jou oggend begin met 'n heerlike koppie boeretrou op die stoep</u> , terwyl die see jou geselskap hou. Hier kan jy jou skoene uitskop, jou bekommernisse vergeet en net elke oomblik geniet. | 1
2
3
4
5
6
7
8
9 |
| 2 | Die Kusweg-Familiehuis het slaapplek vir 6 mense. Dit maak dit die <u>perfekte</u> plek vir 'n gesin. In die woonvertrek is 'n nuwe televisie, drie gemakstoele en twee banke. Die TV sorg vir vermaak in die aande na 'n bedrywige <u>dag</u> op die strand of rotse. Dus, jy hoef nie te vrees dat jy 'n episode van jou geliefkoosde sepie sal mis nie. <u>Pa word ook op hoogte van die nuus gehou</u> . Rugbyaanhangers kan skeidsregter voor die TV speel. Elke drie, vervyfskop en strafskop kan <u>bespreek</u> word. Daar's ook bordspeletjies waaraan die gesin kan deelneem. | 10
11
12
13
14
15
16
17 |
| 3 | Die kombuis is toegerus met 'n yskas, 'n stoof, 'n mikrogolfoond, 'n braaipan, 'n rooster en 'n skottelgoedwasser. Ons voorsien eetgerei en breekware. Al die eetgerei is <u>nuut</u> . | 18
19
20 |
| 4 | Daar is vier slaapkamers en twee volledige badkamers. <u>Besoekers</u> word van skoon beddegoed en handdoeke voorsien. | 21
22 |
| 5 | Die Kusweg-Familiehuis is 15 m van die strand af <u>geleë</u> . Die rotse is ook loopafstand van die Kusweg-Familiehuis. <u>Die mans kan vir hul vrouens sê dat hulle 'n vissie vir aandete gaan vang</u> . Die Kusweg-Familiehuis bied huisvesting vir almal – die kinders wat in die branders baljaar, die ma's wat onder die <u>sambrele</u> lê en die pa's wat kyk wie die grootste vis kan inkatrol. Maak nie saak of jy bedags in die see, op die strand of op die rotse is nie, saans is almal veilig en gesellig onder dieselfde dak. <u>Gee jou kinders die kans om kaalvoet op die strand te hardloop, in die</u> | 23
24
25
26
27
28
29
30 |

	branders te duik, skulpe op te tel en nuwe avonture te beleef. Ons pryse	31
	is bekostigbaar. <u>Dis nie nodig om met Jan Tuisbly se karretjie te ry nie.</u>	32
6	Bespreek vandag nog. Indien jy sou belangstel, kontak Marietjie op	33
	083 292 4453 of 031 446 5224 gedurende kantoorure. Ons webtuiste is	34
	kuswegfamiliehuis@gmail.com . Dit staan jou ook vry om 'n besoek by ons	35
	kantoor in Kusweg 3 af te lê. Persoonlike kontak is vir ons van kardinale	36
	belang. Ons wil deel wees van jou familie.	37
1	Dui die <u>byvoeglike naamwoord</u> in reël 1 aan.	(1)
2	Skryf die <u>meerlettergrepige</u> woord in reël 1 neer waar ons 'n	
	<u>lang klank</u> aantref.	(1)
3	Skryf die onderstreepte sin in reël 2 oor in die <u>teenwoordige tyd</u> .	(1)
4	Skryf die <u>besitlike voornaamwoord</u> in reël 3 neer.	(1)
5	Skryf die <u>saamgestelde woord</u> in reël 3 neer.	(1)
6	Vorm 'n <u>afgeleide werkwoord</u> van die onderstreepte woord in reël 4.	(1)
7	Skryf die <u>teenwoordige deelwoord</u> in reël 5 neer.	(1)
8	Gee die <u>trappe van vergelyking</u> vir die onderstreepte woord in reël 5.	(1)
9	Gee die <u>verkleinwoord</u> vir die onderstreepte woord in reël 6.	(1)
10	Skryf die onderstreepte sin in reëls 7 & 8 oor in die <u>toekomende tyd</u> .	(1)
11	Skryf die <u>bywoordelike sinsnede</u> in die onderstreepte sin in	
	reëls 7 & 8 neer.	(1)
12	Gee die <u>sinoniem</u> vir die onderstreepte woord in reël 11.	(1)
13	Skryf die <u>byvoeglike naamwoord</u> in reël 11 neer wat in sy	
	<u>verboë vorm</u> staan.	(1)
14	Gee die <u>meervoud</u> vir die onderstreepte woord in reël 13.	(1)
15	Dui die <u>gesegde</u> in die onderstreepte sin in reëls 14 & 15 aan.	(1)
16	Vorm 'n <u>afgeleide selfstandige naamwoord</u> van die onderstreepte	
	woord in reël 16.	(1)
17	Skryf reël 17 oor as 'n <u>vraagsin</u> .	(1)
18	Dui die <u>versamelnaam</u> in reël 19 aan.	(1)
19	Gee die <u>intensiewe vorm</u> vir die onderstreepte woord in reël 20.	(1)
20	Gee die <u>basiswoord</u> vir die onderstreepte woord in reël 21.	(1)
21	Waarom word daar 'n <u>deelteken</u> by die onderstreepte woord in	
	reël 23 aangetref?	(1)
22	Skryf die onderstreepte sin in reëls 24 & 25 oor in die <u>direkte rede</u> .	(1)
23	Skryf die <u>onderwerp</u> in die onderstreepte sin in reëls 24 & 25 neer.	
24	Skryf die <u>direkte voorwerp</u> in die onderstreepte sin in reëls 24 & 25	
	neer.	(1)
25	Skryf die <u>onbepaalde voornaamwoord</u> in reël 26 neer.	(1)
26	Gee die <u>verkleinwoord</u> vir die onderstreepte woord in reël 27.	(1)
27	Skryf die onderstreepte sin in reël 29–31 oor in die <u>ontkennende</u>	
	<u>vorm</u> .	(1)
28	Wat beteken die onderstreepte <u>idioom</u> in reël 32?	(1)

- 29 Skryf die onderstreepte sin in reël 32 oor in die verlede tyd. (1)
- 30 Skryf die voorsetsel in reël 37 neer. (1)
- Totaal: 30÷2=15 /15**

Vraestel 3

Skryf

Skryf 'n verhalende opstel van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.

Trane van blydschap en dankbaarheid / Waarom juis nou? / Teruggaan? Nooit!

Rubriek

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Oorsaak, gevolge, chronologie en klimaks:	1	2	3	4	5
Karaktereienskappe, emosies en stemming:	1	2	3	4	5
Beplanning, paraagrafering en taalgebruik:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n beskrywende opstel van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.

Die man by die bushalte / Lekkerdraai en sy mense / In die dokter se spreekkamer

Rubriek

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Beskrywende woorde, beeldspraak en idiome:	1	2	3	4	5
Skryfstyl, stemming en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Beplanning en paraagrafering:	1	2	3	4	5

Totaal: 20 /20

EN

Skryf 'n verslag van 80–100 woorde oor EEN van die volgende.

Die invloed van die sosiale media / Belangrikheid van oefening en 'n gesonde dieet

Rubriek

Doel van navorsing en inhoud:	1	2	3	4	5
Bevinding en gevolgtrekking:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n vriendskaplike brief van 80–100 woorde oor EEN van die volgende.

Vertel jou ouers van die naweekkamp / Vertel jou vriend/in van die misverstand

Rubriek

Gebeure, chronologie, klimaks en gevolge:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat, stemming en formaat:	1	2	3	4	5
Totaal: 10					/10
GROOT TOTAAL: 30					/30

Memorandum

Luister en praat

Drama en dialoog: Omgee maak voëlvry

- 1 Hy stap **met sonsopkoms** dorp toe. / Hy stap dorp toe **as die eerste sonstrale die aarde begroet**. / As **die son sy kop uitsteek**.
- 2 Sy kleres is **verbleik** en sy pet is **vuil**.
- 3 Hy het 'n **halwe brood**, 'n **liter melk** en 'n **bietjie maaltvleis** daarmee gekoop.
- 4 Aangesien skaap- en beesvleis **te duur** is vir die bietjie geld wat hy verdien het. Die geld was **nét genoeg** vir 'n bietjie **maaltvleis**.
- 5 Hy **is** op pad dorp toe (**in die teenwoordige tyd**) om die hout wat hy die vorige dag **gekap het** (**in die verlede tyd**), aan Theuns, die winkelleienaar, te **verkoop** (**in die toekomstige tyd**) sodat hy vir hulle brood, melk en maaltvleis **kan gaan koop**. (**in die toekomstige tyd**)
- 6 Hy loop **in die pad**, op pad dorp toe.
- 7 Aangesien **hulle elke aand vleis gebraai het**.
- 8 Aangesien hulle voortaan **nie slegs 'n halwe brood** hoef te koop nie, maar wel 'n **hele brood**. Ook aangesien daar genoeg geld sou wees om 'n paar **tjops** te kon koop om een keer per maand **vleis te kan braai**.
- 9 Aanvanklik het Theuns **nie waardeer** wat hy het nie, maar na sy gesprek met Oom Jan het hy **wél**. Gevolglik het hy hom voorgeneem om toe te sien dat Oom Jan-hulle ook duur vleis kon bekostig.
- 10 Die emosie van **geluk** / **tevredenheid** / **bevrediging**, aangesien hy iemand **kan help** om 'n **beter bestaan te kan maak**.
- 11 Hy is **dankbaar**, aangesien **Theuns hom die geleentheid gee om 'n beter bestaan te kan voer**. Dis juis met hierdie hart van **dankbaarheid** wat hy huis toe is om die goeie nuus aan sy vrou mee te deel.
- 12 Aangesien Theuns vir Oom Jan en Tannie Lien **omgee** het, het hy hulle **vrygemaak** van 'n **sukkelaarsbestaan** / 'n **bestaan om net te kan oorleef**.
- 13 Dat die **tyd** wat daar net genoeg geld vir oorlewing was, **verby is**.
- 14 Ons moet **minder bevoorregtes altyd** help.
- 15 **Karakters** tree **handelend** op. / **Karakterontwikkeling** vind plaas. / Ons tref **dialoog, toneelaanwysings en tussensetsels** aan. / **Emosies** mag **denke**,

dialog en optredes bepaal. / 'n Morele les word geleer. / Die chronologie van die verhaal word in die inleiding verbreek.

1 **Storie:** Verlange, hartseer en bekommernis pootjie sprankelende geaardheid

- 1.1 Hy was **onseker**, omdat hy niemand by die skool geken het nie. /
Hy was **onseker**, aangesien hy bang was die ander kinders hou nie van hom nie en sal nie met hom maats wil maak nie.
- 1.2 Hy was **vriendelik**, aangesien hy vir Paul **vriendelik verwelkom het**. /
Hy was **behulpzaam**, aangesien hy vir Paul **gewys het waar om aan te tree**. /
Hy het vir ander **omgegee**, aangesien hy wou hê dat Paul tuis moes voel.
Gevolgtik het hy hom **aan sy vriende gaan bekendstel**.
- 1.3 Hy was **nie** so **sprankelend** soos ander dae **nie**. /
Hy het **nie deelgeneem** aan die klas **nie**. /
Hy het **nie** aanhoudend **gebabbel nie**. /
Hy het **nie grappies gemaak nie**. /
Hy het **nie sosiaal verkeer nie**. (slegs EEN)
- 1.4 Die **emosies** van **hartseer**, **verlange** en **bekommernis** oor sy hondjie wat weg was.
- 1.5 Paul **kan sien** dat iets vir Lodewyk **pla** en dat hy anders **optree** as in die verlede. (**teenwoordige tyd**) Lodewyk **deel** hom **mee** (**teenwoordige tyd**) dat hy hartseer **is** (**teenwoordige tyd**), aangesien sy hondjie die vorige aand **verdwyn het**. (**verlede tyd**) Hy **sal** nooit weer met sy hondjie **kan gaan stap** nie. (**toekomende tyd**)

2 **Legende:** Die koningin se verdiende loon

- 2.1 Dat ons **nie jaloers** / **selfsugtig** moet wees en die **ondergang van iemand anders** moet soek **nie**.
- 2.2 Beide het die **armes gehelp** en die **siekes besoek**.
- 2.3 Hulle is **na die watergat geneem** waar die **waterslang hulle na die dieptes geneem het**.
- 2.4 Die **houtkapper**, aangesien hy die koning **meegedeel** het van die koningin se slinkse plan. Dit het tot die **redding van die prins gelei**, omdat die koning die **waterslang beveel om sy seun terug te besorg**.
- 2.5 Dis 'n **volksverhaal** wat van **geslag** tot **geslag** oorvertel word. /
Die **koningin** beskik oor **onaanvaarbare** karaktereienskappe, aangesien sy **jaloers** en **selfsugtig** is en die **ondergang van die prins soek**. /
Die **morele les** wat ons uit bostaande legende leer, is dat ons **nie selfsugtig** en **jaloers** moet wees en sodoende die **ondergang van iemand anders** moet soek **nie**. /
Die **houtkapper** word as die **held** gesien. /

Die **plek** waar die legende hom afspeel, word **aangedui**.
(slegs EEN)

3 Onderhoud: Onderhoud met Francois du Toit Roux, die rugbylegende

- 3.1 Die onderhoud word in **Francois du Toit Roux se woonvertrek** gehou.
- 3.2 Toe hy **die eerste keer die groen en goud oor sy kop getrek het**.
- 3.3 Dat hulle altyd **as span saamgespeel het**. /
Die **spanpraatjies voor die wedstryde**. /
Die **ondersteuning van die Suid-Afrikaners**. (slegs EEN)
- 3.4 Aangesien mense van **alle kulture** wat 'n liefde vir musiek het, van die liedjie "Mannetjies Roux" mag hou. /
Die liedjie "Mannetjies Roux" lê sy naam vas in **alle kulture**.
(enige ander aanvaarbare antwoord)
- 3.5 **Vrae** word deur die onderhoudvoerder **gevra** wat deur Francois du Toit Roux **beantwoord** word. /
Toepaslike antwoorde volg op **vrae** wat aan Francois du Toit Roux gevra word.

4 Toespraak: 'n Taal vol lewe

- 4.1 Deur ons **stories, gevoelens en drome** met mekaar in ons eie taal **te deel**.
- 4.2 Deur die taal te **gebruik**, hou ons dit **lewendig**.
- 4.3 Dat 'n **taal** mense van **verskillende kulture** en met **verskillende agtergronde** kan **saambring**. /
Wanneer 'n **taal** mense van **verskillende kulture** bymekaarbring, kan **nuwe vriendskappe** met mense van **ander kulture** gemaak word. /
Tydens die samekomste leer mense van **verskillende kulture** om mekaar te **respekteer** en **beter** te **verstaan**. /
Ons **taal** is 'n belangrike deel van ons **kultuur** en **identiteit** en moet daarom **gekoester word**.
- 4.4 Dat ons taal sal **voortleef**, indien ons dit **praat, bewaar en waardeer**.
- 4.5 Die spreker maak **níe** slegs bloot **bewerings níe**, maar baseer die **inligting** op **feite**.

5 Gedigte

5.1 Rondloper

"nou stap hy na die waterput
waar donkies en die kalwers drink
en in die modderwatertjies
die eende **kwekker** en rinkink;"

Motivering: **Kwekker** is die **geluid** wat eende maak.

5.2 Voël

"'n Voël vlieg voor my venster verby, 1
'n naalddun lyn wat daaroor gly 2
En die glas in twee vlakke sny;" 3

Die effek van **beweging** word verkry.

5.3 Die motorbegraafplaas

"Kyk na dié tjor met sy neus ingedui 1
en oë wat skeel na mekaar toe kyk: 2
mens kan die ongeluk nog aan hom ruik, 3
lelik, mishandel – 'n Volkswagenlyk." 4

Dit verwys na die **hoofligte** / **kopligte** van die Volkswagen.

5.4 Ou Oom

Die stemming / atmosfeer is **rustig**.

5.5 Herfs

"Pouses sit die kinders op die stoepe
rustig gekoester in die son –
loom soos akkedisse.
Die winter kom."

Soos akkedisse rustig in die warm wintersonnetjie sit, sit die kinders ook in
die warm wintersonnetjie. **Beide** die kinders en die akkedisse **sit in die warm**
wintersonnetjie, aangesien beide van hulle **koud kry**.

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Advertensie: KUSWEG-FAMILIEHUIS

- 1 Droom jy van 'n **volmaakte** vakansie waar die see, strand en branders reg
voor jou deur is?
- 2 Droom jy van 'n **volmaakte** vakansie?
- 3 Wel, dan klop jy by die regte plek aan!
- 4 Bring **jou** familie na die Kusweg-Familiehuis en geniet die vakansie.
- 5 Bring jou familie na die **Kusweg-Familiehuis** en geniet die vakansie.
- 6 Werkwoord Afgeleide werkwoord
stel **bestel / verstel / herstel / ontstel / voorstel**
- 7 Die **brekende** branders wat jou vriendelik groet.
- 8 Stellende trap Vergrotende trap Oortreffende trap
vars **varser** **varsste**
- 9 Voor jou lê die uitgestrekte **strandjie** met die brekende branders.
- 10 Jy sal jou oggend met 'n heerlike koppie boeretroos op die stoep kan begin.
- 11 Jy kan jou oggend met 'n heerlike koppie boeretroos **op die stoep** begin.

- 12 Dit maak dit die **ideale** / **aangewese** plek vir 'n gesin.
- 13 In die woonvertrek is 'n **nuwe** televisie.
- 14 dag – **dae**
- 15 Pa **word** ook op hoogte van die nuus **gehou**.
- 16 Werkwoord Afgeleide selfstandige naamwoord
 bespreek **bespreking**
- 17 Is daar ook bordspeletjies waaraan die gesin kan deelneem?
- 18 Ons voorsien **eetgerei**.
- 19 Al die eetgerei is **splinternuut**.
- 20 Soek
- 21 Aangesien hier twee van **dieselfde klinkers** langs mekaar aangetref word, word 'n **deelteken** op die laaste "e" geplaas om sodoende die twee klanke van mekaar te **skei** en elk **afsonderlik uit te spreek**. /
 As twee van **dieselfde klanke** langs mekaar staan, word 'n **deelteken** op die laaste klank geplaas om sodoende die twee klanke **afsonderlik uit te spreek**.
- 22 Die mans kan vir hul vrouens sê: "Ons gaan 'n vissie vir aandete vang."
- 23 **Die mans** kan vir hul vrouens sê dat hulle 'n vissie vir aandete gaan vang.
- 24 Die mans kan vir hul vrouens sê dat hulle 'n **vissie** vir aandete gaan vang.
- 25 Die Kusweg-Familiehuis bied huisvesting vir **almal**.
- 26 sambrele – **sambreeltjies**
- 27 Moenie jou kinders die kans gee om kaalvoet op die strand te hardloop, in die branders te duik, skulpe op te tel en nuwe avonture te beleef nie.
- 28 Om tuis te bly en nie met vakansie te gaan nie.
- 29 Dit was nie nodig om met Jan Tuisbly se karretjie te ry nie.
- 30 Ons wil deel wees **van** jou familie.

Naslaanbronne

November 2026

Biografie: Alles kom teen 'n prys

Eugene van der Westhuizen

Drama en dialoog: Omgee maak voëlvry

Eugene van der Westhuizen

Storie: Verlange, hartseer en bekommernis pootjie sprankelende geaardheid

Eugene van der Westhuizen

Legende: Die koningin se verdiende loon

Eugene van der Westhuizen

Onderhoud: Onderhoud met Francois du Toit Roux, die rugbylegende

Eugene van der Westhuizen

Toespraak: 'n Taal vol lewe

Eugene van der Westhuizen

Advertensie: Kusweg-Familiehuis
Eugene van der Westhuizen

Gedigte

Rondloper

Uit: *Alleenspraak*, N.P. van Wyk Louw

N.P. van Wyk Louw

Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1935

Voël

Uit: *Versamelde gedigte*, W.E.G. Louw

W.E.G. Louw

Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1973

Die motorbegraafplaas

Kroonsteen-reeks, Verse vir Lekker Lees
F. Viljoen, R. Lampbrecht, H. Viljoen

Hester Heese

Best Books, 2009

Ou Oom

Uit: *Klein Verseboek*

Saamgestel deur: *D.J. Opperman*

W.E.G. Louw

Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1959

Herfs

Almal verstaan Afrikaans

R. Ferreira, M. van den Heever

Suzette Kotzé – Klein Verseboek

Macmillan (Edms.) Beperk, 2012